



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## Parashah 11: Vayigash (וייגש) – En Hy Het Nader Gekom

*Toe kom Y'hudah nader na hom toe en sê: “O, my meester, laat u dienskneg asseblief ‘n woord praat in die ore van my meester en laat u toorn nie teen u dienskneg ontvlam nie, want u is self soos Farao. Gen, 44:18 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah :** Gen. 44:18 tot 47:27

**Haftorah:** Eseg. 37:15 tot 28

**Hernieude Verbond:** Matt. 10:6; 15:24; Joh. 5:1 tot 47; Rom. 9:1 tot 29; Rom. 11:13 tot 24; Efes. 2:11 tot 22.

**Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 11 wat afgelaai kan word by: [Parashah11Notas14](#) of deur dit aan te vra by [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)**

*A strategy of appeasement is often a cover-up for our spinelessness and fear of man! – Anonymous.*

*For unless your hearts are free from worldly hopes and worldly fears, you never will speak boldly, as you ought to speak – Whitefield.*

*Never try to maintain relations in your life. Only try to maintain life in your relations – Anonymous.*

## Midrash (Torah Bespreking)

Elke jaar herinner parashah *Vayigash* ons aan YHVH se plan om Israel te herstel tot ‘n koninklike priesterdom wat Hom in Gees en waarheid sal dien – een huis met een Vader en eensgesinde kinders. Net soos die hand van God betrokke was in die eenwording tussen Josef en sy broers, net so sien ons vandag die betrokkenheid van die Vader in die eenwording tussen die twaalf stamme en elkeen wat die nageslag van Abraham deur geloof in Yeshua Messias is en volgnes Torah leef. Ons word telkens herinner aan die woorde van Dawid in Psalm 133:

*Let op, hoe goed en hoe aangenaam is dit vir broers om saam te wees in eenheid! Dit is soos die kosbare olie op die kop en op die baard, die baard van Aharon, wat afloop op die kraag van sy kleed, soos die dou van Hermon wat val op die berg van Tziyon, want daar het יהיה die seën beveel, die lewe vir ewig! (PWL).*

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

## Die ‘nuwe’ Juda.

Aan die einde van verlede week se parashah, en aan die begin van hierdie week se parashah, sien ons duidelik hoe Juda ontwikkel het as die leier van sy broers en as die een wat medelye met sy vader Jakob het. Nou leer ons Juda ken as die een wat die eie-ek (selfisme) afgelê het. Hy is nou die een wat bereid is om sy lewe prys te gee terwille van die oorlewing van sy vader en sy broers. Hy is ook bereid om te dien en het nie verwag om gedien te word nie. Juda het opgetree as die middelaar tussen Josef en sy vader en broers.

Aan sy vader Jakob het Juda die volgende belowe:

*Daarop sê Juda aan sy vader Israel: Stuur die seun saam met my; dan sal ons klaarmaak en wegtrek, sodat ons kan lewe en nie sterwe nie – ons en ook u en ons kinders nie. Ek sal vir hom borg wees; van my hand kan u hom eis. As ek hom nie na u bring en voor u stel nie, sal ek lewenslank teenoor u skuldig staan. Gen. 43:8 en 9.*

En aan Josef het Juda belowe:

*Laat u dienaar dan nou tog in die plek van die seun my heer se slaaf bly, en laat die seun saam met sy broers optrek. Want hoe kan ek na my vader optrek as die seun nie by my is nie? Mag ek maar net die ellende nie aansien wat my vader sal tref nie! Gen. 44:33 en 34.*

Bogenoemde optrede en gesindheid van Juda is ‘n sinnebeeld van een van die belangrike hoedanighede van die Messias van Israel, naamlik die bereidwilligheid van Yeshua om sy lewe af te lê vir sy vader en sy broers! Yeshua het ook gekom om te dien en nie om gedien te word nie.

*Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as ‘n losprys vir baie. Mark. 10:45.*

## Josef van genade

Maar dan sien ons ook in hierdie week se parashah die gesindheid van Josef, naamlik om die genade van vergifnis vrylik en onvoorwaardelik aan sy broers te skenk.

Aan sy broers het Josef gesê:

*Moet egter nie nou spyt wees daaroor nie en laat daar geen kwaad in julle oë wees dat julle my hierheen verkoop het nie, want om lewens te red, het God my voor julle uitgestuur, want daar was reeds hierdie twee jaar hongersnood in die land en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie. God het my voor julle uitgestuur om julle as ‘n oorblyfsel op die aarde te bewaar en om julle in die lewe te hou tot ‘n groot verlossing. Dit was nou nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God en Hy het my ‘n vader vir Farao gemaak, meester oor sy hele huis en ‘n heerser in die hele Mitzrayim. Gen. 45:5 tot 8 – PWL.*

Josef is dus ook ‘n sinnebeeld van een van die ander belangrike hoedanighede van Yeshua Messias, naamlik die genade van vergifnis van sonde!

By Josef was daar nooit sprake van wraak neem nie. Nee, Josef het verstaan wat dit beteken dat alles ten goede meewerk vir die wat YHWH liefhet en getrou bly aan Sy Torah.

*En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Rom. 8:28.*

Daarom kon Josef sy broers genade bewys het deur hulle te vergewe, want hy het geweet dat hy in die wil van God was. Hierdie gesindheid was ook die van Yeshua, want Hy was ook verneder, geminag en valslik beskuldig, maar het dit verduur omrede Hy in Sy Vader se wil was.

Josef het vir sy vader en vir sy broers in Egipte gesorg. In die opsig is Josef ook 'n sinnebeeld van van Yeshua as die goeie herder wat vir die skape sorg.

*Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape. Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar. En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie. Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken. Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder. Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang. Joh. 10:11 tot 18*

Josef is telkens deur sy emosie oorweldig toe sy broers voor hom in Egipte verskyn het. Met die eerste twee ontmoetings (Gen. 42:24 en Gen. 43:30 en 31) het hy nie in hulle teenwoordigheid gehuil nie, maar met die derde ontmoeting het hy openlik sy emosies getoon.

*Hy het hardop gehuil en die Egiptenare, asook die huis van Farao het dit gehoor. Gen. 45:2 – PWL.*

Josef se lewe kan opgesom word as hartstog (vurigheid) vir YHVH en erbarming (deernis, hartseer) vir sy broers. Hierdie is 'n heenwysing na die hoedanighede van Yeshua soos ondermeer deur die volgende teksvers toegelig word:

*Toe Hy die groot groep mense sien, het Hy liefdevol vir hulle omgee, omdat hulle uitgeput was en rondgedwaal het, soos skape wat geen herder het nie. Matt. 9:36 – PWL.*

Yeshua het telkens innig jammer gevoel vir die blindes, siekes en die behoeftiges (Matt. 20:34; Mark. 1:41; Mark. 8:2). Hy het medelye getoon met die wat hartseer was (Luk. 7:13 tot 15 ; Joh. 11:35). Yeshua is ons Ewige Hoëpriester wat in alle opsigte medelye met ons het:

*Niks wat geskep is, is onsigbaar in Sy Teenwoordigheid nie, maar alles is kaal en ontbloot in die oë van Hom aan Wie ons verantwoording doen, want daar is daarom vir ons 'n Groot nie-Levietiese Hoofpriester wat opgegaan het na die hemel: Yeshua, Die Gesalfde Een, die Seun van God; laat ons vashou aan Sy belydenis, want ons het nie 'n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van Sy onverdiende guns gaan sodat ons liefdevolle omgee kan ontvang en ons sal onverdiende guns vind om ons te help in 'n tyd van lyding. Heb. 4:14 tot 16 – PWL.*

## **Versoening**

Die versoening tussen Josef en sy broers is 'n lewensles in versoening en eensgesindheid in familie verband, maar ook in geestelike familie verband! Josef was bereid om verskille en geskille te vergewe en te vergeet sodat daar liefdevolle eenheid in die familie kan wees. Waar daar liefde en eenheid is, daar is YHVH se seën (133:1 tot 3)!

Dit herinner ons daaraan dat die broederliefde blywend moet wees (Heb. 13:1), want dit is die behoud van 'n familie en die behoud van die gemeente (volk) van YHVH.

Daarom is Yeshua se gebed vir sy dissipels dat hulle in Hom in liefde en eensgesindheid sal funksioneer.

*Ek bid egter nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle boodskap in My sal vertrou sodat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees. Ek het aan hulle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee wat U My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons Een is sodat die wêreld kan vertrou dat U My gestuur het; Ek in hulle en U in My sodat hulle volledig een kan wees en sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.*

Joh. 17:20 tot 23 – PWL.

Die kern van hierdie week se Haftorah Skriflesing (Eseg.37:15 tot 28) is ook oor die uiteindelijke versoening van die twee huise van Israel – die huis van Juda en die huis van Efraim (Josef).

*Sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Let op, Ek sal die seuns van Yisra’el uithaal van tussen die nasies waarheen hulle gegaan het en Ek sal hulle van alle kante af bymekaarmaak en hulle in hul eie land bring en Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Yisra’el en een Koning sal vir hulle almal Koning wees en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en nie verder in twee koninkryke verdeeld wees nie. Eseg. 37:21 en 22 – PWL.*

Die wyse wat ons waarskynlik die vervulling van hierdie profesie kan bespoedig is deur die gesindheid van Josef en Juda teenoor ons medegelowiges te openbaar. Ons moet die genade van Josef teenoor mekaar betoon en die bereidwilligheid van Juda om selfisme prys te gee en mekaar se belange bo ons eie te stel – 'n bereidwilligheid om te dien en nie gedien te wil word nie! Ons moet vergewe sodat ons vergewe kan word (Matt. 6:14 en 15). Ons moet onself verneder sodat YHVH ons kan verhoog (Jak. 4:10; 1 Pet. 5:6)!

En baie belangrik! Ons moet onthou dat ons nie net in 'n verbondsverhouding met YHVH-God staan nie, maar ook in 'n verbondsverhouding met medegelowiges. Dit beteken dat die belange van die verbondsvennoot altyd voorkeur bo eie belange kry!!

## **Bepeins of Bespreek**

1. In Jer. 11:16 word Israel vergelyk met 'n olyfboom waarvan sommige takke afgebreek is. Beide huise van Israel het YHVH se verbond verbreek (Jer. 11:10) en moet daarom weer terug ingeënt word op die olyfboom deur die versoeningswerk van Yeshua Messias (Rom. 11:13 tot 24). Die huis van Juda het Yeshua as die Lam van God verwerp en Torah verbreek deur die talle toevoegings van die Rabbies wat strydig met Torah is. Die huis van Efraim het Torah verwerp en 'n Griekse 'Jesus' in die plek van Yeshua van Torah gestel. Beide huise moet hulle dus bekeer (*teshuvah*) en as eenheid herstel word om soos die gemeente van Handelingte te funksioneer. Onthou: Versoening met YHVH vereis vertroue in Yeshua as gekruisigde en opgestane Messias **en Torah-gehoorsaamheid!** Wie is diegene wat hierdie getuienis het en dus geskik is om die Evangelie van versoening te verkondig? Is dit die Messiaanse Ontwaking (*Hebrew Roots Movement*)?
2. Die rol van die huis van Juda in die verlede en die hede moet nooit misken word nie. YHVH het hulle grootliks gebruik om te kom op hierdie tydstip in die Vader se plan van herstel van die hele huis van Israel in die land Israel. Maar ons moet ook besef dat ons nie

die huis van Juda slaafs kan navolg nie, want hedendaagse Rabbynse Judaïsme bevat talle dwalings! Maar dan moet ons ook versigtig wees om nie te probeer ‘slimmer’ wees as ons broer Juda nie!

3. Elke gelowige in Yeshua is die nageslag van Abraham. Ons is dus deel van die familie (volk, kinders) van YHVH en daarom moet daar versoening en eenheid wees! Die vraag is egter:
  - Wie is my familie (medegelowiges)? Is die persoon wat glo in Yeshua (‘Jesus’) as Messias, maar Torah verwerp my moeder, broer en suster? Kan ek met so ‘n persoon een van gees in Yeshua wees? Kan ek met my broer Juda wat Yeshua as die Lam van God verwerp versoen wees? Is die antwoord te vinde in Matt. 12:46 tot 50? Onthou ook in die verband die woorde van Yeshua in Matt. 10:34 tot 37!
  - Ons moet waak teen die eenwording van alle godsdienste soos wat ons vandag op alle fronte sien gebeur! Die vraag is wel of ons daarna moet strewe om in vrede met ander godsdiensgroepe te lewe? Wat is die wil van die Vader in die verband? Is die antwoord te vinde in Matt. 12:30?

-o-o-o-o-o-o-o-

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*